


# Luistertoets oor GRAPPIES



## Pre-luister

Die doel met hierdie oefening is om vir jou te wys hoe grappe werk en waarom mens lag vir grappe. Jy gaan drie kort grappies drie keer hoor.

## Tydens luister

Hou die volgende in ag wanneer jy luister:

In elkeen van die grappies waarna jy nou gaan luister, is daar sprake van twee diere. In elke grap word een eienskap van elke dier in die grap uitgesonder.

Skryf die twee diere in elke grap neer.

In elke grap is daar 'n vraag en 'n antwoord.

Dink oor watter grap wat vir jou die snaaksste is.

In elke grap word een eienskap van elke dier geïmpliseer. Wat is dit?

Die eienskappe word nie direk genoem nie, maar mens lei dit af. Hoe weet jy, byvoorbeeld, na watter twee eienskappe jy moet verwys?

Waaroor gaan die vrae in al die grappies?

Watter woord kom by jou op as jy klaar na die grappie geluister het?

---

## Grappies

(Uit: *Vertel my 'n grappie* en *Vertel my nog 'n grappie* van Maritha Snyman)

- 1 Wat kry mens as jy 'n windhond en 'n muishond kruis?  
'n Dier wat met 'n stink spoed hardloop.
- 2 Wat kry jy as 'n windhond en 'n hiëna kruis?  
lets wat jou lag-lag sal vang.
- 3 Wat kry jy as 'n swaeltjie en 'n volstruis kruis?  
'n Voël wat in die winter noord loop.

## Post luister. Geskrewe toets

*Antwoorde in kursief*

1. Skryf die twee diere in enige een van die grappe neer. (2)  
*windhond en 'n muishond*  
*windhond en 'n hiëna*  
*swaeltjie en 'n volstruis*
2. Skryf die grap wat vir jou die snaaksste is neer en verduidelik hoekom. (1)  
*Leerderrepons.*
3. In elke grap is daar 'n vraag en 'n antwoord. In die antwoord word een eienskap van elke dier geïmpliseer. Skryf die twee eienskappe neer van die grappie waarvan jy die meeste hou. (2)  
*Stink en vinnig*  
*Lag en vinnig*  
*Migreer en loop*
4. Die eienskappe word nie direk genoem nie, maar 'n mens lei dit af. Hoe weet jy na watter twee eienskappe jy moet verwys? (2)  
*Die antwoord in elke grappie verbind die twee eienskappe aanmekaar deur te verwys na die "nuwe" dier wat ontstaan.*
5. Wat is die essensie van die vraag wat gevra word? Wat is die ding wat gedoen moet word in die grappie? (1)  
*Kruising van twee diere*
6. Hoekom is die antwoord van die vraag in die grappie snaaks? (1)  
*Want dit is belaglik en kan nie gebeur nie/ dit is verspot/ oordrewe ens.*
7. Elke grap bevat twee elemente: Teenstrydigheid en vergroting.

Kan jy dit op een grappie toepas?

(2)

*Teenstrydigheid: snelheid van een dier kan nie rasioneel met die geluid van 'n ander gekruis word nie. Die vermenging daarvan is onmoontlik, onverwags, oordrewe.*

8. Hoekom dink jy laat teenstrydigheid en vergroting jou lag?

(2)

*'n Mens lag gewoonlik vir iets wat jou onverwags die wêreld op 'n ander manier laat sien. Dit is die verrassing wat mens laat lag; omdat jy dit nie verwag nie.*